Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

NOVEMBER 2022

Bulletin

#overstrand4all | Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand | #C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OVERSTRAND BEKROON AS VANJAAR SE VOORSTE KAMPVEGTER VIR GROEN ENERGIE

Preekstoel-grondwaterbehandelingsaanleg, Hermanus, waar biologiese sypeling ingespan word

Die wyse waarop Overstrand volhard in sy pogings om vernuwende en volhoubare groen tegnologieë in te span ten einde dienslewering met betrekking tot water- en afvalwaterbehandelingsfasiliteite te verbeter, het beslis nie ongemerk verbygegaan nie.

Ter bevordering van 'n groen ekonomie, wys GreenCape – in medewerking met FNF jaarliks 'n *Green Economy Change Champion* aan. Munisipaliteite word jaarliks genooi om projekte te nomineer mits dit na die munisipaliteit se mening volhoubaar is en nagedoen kan word.

Volgens GreenCape se woordvoerder, Cecelia Kok, is daar 'n horde uitsonderlike innoverende, volhoubare munisipale inisiatiewe wat ongesiens verbygaan en nooit na behore gedeel of gevier word nie.

"Hierdie projekte word in komplekse omgewings, met talle uitdagings, geïmplementeer en kan heel dikwels deur ander munisipaliteite gereproduseer word. En dit is juis waarom ons munisipaliteite oral in die land jaarliks nooi om die volhoubaarheidsprojekte wat hulle geïmplementeer het, of besig is om te implementeer, te nomineer," het sy gesê.

Vanjaar het vyf projekte, gegrond op die impak wat hulle op dienslewering gaan hê sowel as hul vlak van innovasie en volhoubaarheid en die waarskynlikheid dat hulle gedupliseer kan word, die kortlys gehaal:

PLAASLIKE OWERHEID	AARD VAN PROJEK
Stad Kaapstad	Bestuurstelsel wat die gehalte van water komende van afvalwaterbehandelingsaanlegte verbeter en tegelyk verhoed dat energie vermors word
George	Lewering van elektrisiteit via kragopwekkers wat aan munisipale kliënte alternatiewe kragbron-opsies bied
Nkomazi	Bedryf van die Untum-sentrum waar herwinbare afval teruggekoop word ten einde te verhoed dat dit op grondopvulterreine gestort word
Overstrand	Uitbesteding van die bedryf en instandhouding van grootmaatwatervoorsiening
uMhlatuze	Gebruik van hommeltuigtegnologie om die bestuur van water waarvoor nie betaal word nie en waterverliese te beheer

Geweldig trots en hoogs gemotiveerd het Munisipaliteit Overstrand as kampioen van die jaar uit die stryd getree.

Volgens Taahirah Ghoor (GreenCape se senior analis: sirkulêre ekonomie) het langtermynvisie belangstelling geprikkel: "Buiten dat Munisipaliteit Overstrand sy afvalwaterbehandelingsfasiliteite aansienlik opgegradeer het wat daarop neergekom het dat kapasiteit met 40% verhoog is, het die munisipaliteit ook nuwe Nereda-tegnologie, omgekeerde osmose, biologiese sypeling, ultra-sypeling en anaerobiese verteringstegnologieë ingespan. En dit is juis die gebruik van hierdie tegnologieë wat 'n behoefte laat ontstaan het aan uiters kundige personeel wat hierdie stelsels kan bedryf en in stand kan hou.

"Wanneer 'n stelsel aansienlik opgegradeer of uitgebrei word, bepaal artikel 77 van die Munisipale Stelselswet dat 'n munisipaliteit sy lewering van water moet heroorweeg en 'n gepaste meganisme moet kies wat sal verseker dat hierdie dienste ononderbroke in sy area gelewer word. Voorts is munisipaliteite ingevolge hierdie bepaling dan ook by magte om bedryf en instandhouding uit te bestee."

Volgens Dean O'Neill, Overstrand se munisipale bestuurder, verdien die projekspan alle lof vir die toekomsvisie wat hulle aan die dag gelê het: "Om die gebruiksduur van hierdie projek tot die maksimum te verleng en met inagneming van die gemeenskap se voorsiene behoefte aan waterdienste, het julle besluit om die bedryf en instandhouding van hierdie fasiliteite uit te bestee. Ek hoop van harte dat ander munisipaliteite by ons lesse sal baat en dat hulle, beproewinge ten spyt, geïnspireer sal word om soortgelyke inisiatiewe van stapel te stuur," het hy gesê. Burgemeester Rabie stem heelhartig saam, en het bygevoeg dat sy veral trots is op die feit dat 'n relatiewe klein munisipaliteit soos Overstrand, ten spyte van die opdraande stryd teen groter munisipaliteite en selfs 'n metro, as kampioen bekroon is. "Dis 'n klinkklare bewys dat selfs al word jy as klein geag, jy steeds 'n verskil kan maak wanneer jy jou daartoe verbind om 'n uitnemende diens te lewer aan almal in wie se diens jy staan," het sy gesê. Alle plaaslike owerhede wat aan die jaarlikse kampioenskap deelgeneem het, word die geleentheid gebied om die lesse en wedervarings wat hulle met die toepassing van vindingryke oplossings ter bevordering van 'n groen ekonomie beleef het, te deel – en die suksesse wat hulle behaal het te vier.

As vanjaar se wenner sal 'n video professioneel vervaardig word wat Overstrand se projek en die sukses wat daardeur behaal is, ten toon stel sodat ander munisipaliteite oral in die land geïnspireer kan word om hierdie voorbeeld te volg.

DODELIK VERVEELD? JY MAAK SEKER 'N GRAP!

ALLEMINTIGE 227 GELEENTHEDE NET IN SEPTEMBER GEHOU

Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, het met genoeë gerapporteer dat die vele inperkings wat gedurende die voorafgaande twee jaar so 'n negatiewe impak op die gasvryheid- en toerismesektor gehad het, beslis aan die taan is.

"In September verlede jaar is 88 geleenthede in Overstrand gehou. Gedurende dieselfde maand vanjaar het daardie syfer met 'n ongelooflike 158% gestyg – en dít sluit alle vaste herhalende geleenthede soos markte en ParkRuns uit.

"Enige geleentheid om toeriste van wyd en syd aan hierdie pragtige deel van die wêreld bekend te stel, is altyd 'n plesier want dit stimuleer die plaaslike ekonomie en help om werksgeleenthede te skep.

"Eweneens is dit 'n riem onder die hart dat soveel van ons plaaslike eetplekke en gastehuise met Travellers' Choice-status in TripAdvisor se jongste vrystelling pryk. Wys jou net: voortreflike diens sal sonder twyfel beloon word.

"Ons moet egter nie uit die oog verloor dat beide inwoners en vakansiegangers baie dank verskuldig is aan ons toegewyde munisipale personeel wat uit hul pad gaan om te verseker dat almal hul verblyf geniet nie.

Vergun my om in hierdie verband die spanne betrokke by afvalverwydering en wetstoepassing uit te sonder wat so onvermoeid omsien na almal se welstand en veiligheid. Beurtkrag en 'n krimpende begroting ten spyt: julle kwyt julle fantasties van jul taak. Baie dankie."

Enigeen wat hierdie unieke deel van die wêreld besoek of hier woon en kla dat hy/sy tot die dood toe verveeld is, word aangeraai om 'n draai te gaan maak op https://whalecoast.info/#, die amptelike webwerf van Overstrand se toerismeburo, Cape Whale Coast, waar 'n weekliks bygewerkte dagboek van daaglikse geleenthede bekyk kan word. So nie, bring 'n besoek aan die besoekersentrum in Hermanus, Kleinmond, Stanford en Gansbaai waar jy hope wenke kan vind oor wat jy kan doen of waarheen jy 'n uitstappie kan onderneem.

SCHULPHOEK – OPDATERING:

OOREENKOMS TUSSEN DOHS EN OVERSTRAND NIE MEER BINDEND

Ten tyde van die Raadsvergadering wat op 28 September 2022 gehou is, is daar besluit dat die grondbeskikbaarheidsooreenkoms wat tussen Munisipaliteit Overstrand en die Wes-Kaapse departement van menslike nedersettings (DoHS) aangegaan is, nietig verklaar word.

Hierdie besluit volg op 'n onlangse vergadering tussen LUR Tertuis Simmers en Burgemeester Rabie waartydens beide ingestem het dat 'n onafhanklike implemente ringsagent aangestel moet word om hierdie projek as sleutelklaar te oorhandig.

Verskeie faktore lê hierdie besluit ten grondslag. Een daarvan is dat die Wes-Kaapse regering tans 'n herstruktureringsproses deurloop. Hiervolgens is die voorneme om 'n nuwe departement getiteld "infrastruktuur" op die been te bring waarin die huidige departement van menslike nedersettings opgeneem gaan word.

Soos te verwagte, het sprake van herstrukturering tot gevolg gehad dat verskeie sleutelpersoneellede besluit het om die DoHS se diens te verlaat, en hulle bedankings gaan in alle waarskynlikheid 'n negatiewe impak hê op die voortgesette implementering van die Schulphoekprojek in sy huidige formaat.

Voorts, soos uitgewys deur Burgemeester Rabie, is daar nie regtig enige beduidende vordering gemaak met die projek sedert die huidige Raad bykans 'n jaar gelede verkies is nie. Om die waarheid te sê, daar het ook nie eintlik veel gebeur in die voorafgaande twee jaar nie. Onteenseglik is die stok in die wiel oormatige rompslomp aan die kant van die regering.

Deur 'n bedrewe, onafhanklike implementeringsagent aan te stel wat 'n sleutelklaarprojek kan oorhandig, sal sulke struikelblokke baie vinniger die hoof gebied kan word omdat só 'n agent volle verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur en implementering van die projek, ***met inbegrip van verbandhoudende verkryging.***

Let in hierdie verband daarop dat in gevalle soos hierdie die Raad bloot 'n oorsigrol vervul en dat raadslede geen inspraak het in enige bodproses of die toewysing van tenders nie aangesien hulle wetlik verbied word om hoegenaamd aan die voormelde deel te neem of om daarby in te meng.

Op die keper beskou beteken dit dat hierdie projek 'n administratiewe funksie word wat sonder enige politieke inmenging bestuur kan word.

Burgemeester Rabie het hierdie punt spesifiek ten tyde van die Raadsvergadering beklemtoon en 'n beroep op die publiek gedoen om hulle in die toekoms daarvan te weerhou om Raadslede oor kwessies verwant aan die Schulphoekprojek te kontak.

"Ons is maar al te bewus daarvan dat 'n aantal sogenaamde belanghebbers nie gelukkig is met die jongste besluit nie maar, as ons eerlik wil wees, hulle was ook nie te vinde vir die grondbeskikbaarheidsooreenkoms wat in Februarie 2022 aangegaan is nie. Alhoewel ons kennis neem van hul ontevredenheid is ons tot tyd en wyl nie bereid om enige verdere korrespondensie rakende hierdie aangeleentheid te oorweeg nie want op hierdie tydstip moet die administrasie tyd gegun word om op die aanstelling van 'n implementeringsagent te fokus," het sy gesê.

Alhoewel geen van die vorige pogings om hierdie projek van stapel te stuur suksesvol was nie, is Burgemeester Rabie daarvan oortuig dat die teenoorgestelde hierdie keer bereik gaan word sodra die aanstelling van 'n gepaste implementeringsagent bekragtig is.

Die prosedure om sodanige agent aan te stel, sal 'n aanvang neem sodra die DoHS amptelik bevestig het dat die proses wel kan voortgaan.

WERKSAANSOEKE VERGEMAKLIK

In pas met veranderende omstandighede het Munisipaliteit Overstrand 'n aanlyn portaal vir werksaansoeke (in Engels 'n *Job Application* Portal afgekort as JAP) van stapel gestuur waarop vakante poste vir die eerste keer op 12 September 2022 geadverteer is. Dit kom daarop neer dat werksoekers voortaan aanlyn vir 'n pos aansoek kan doen.

Die kersie op die koek is dat Overstrand nou ook oor 'n aanlyn databasis van kandidate gaan beskik waarna vir toekomstige werwingsdoeleindes verwys kan word en in staat sal wees om indiensnemingstendense oorsigtelik te beskou en daaroor verslag te doen. Grotendeels gaan hierdie portaal egter help om indiensnemingsprosesse te optimeer sodat die beste besluit vinniger geneem kan word aangesien heelwat minder tyd bestee gaan word aan die advertering van vakatures en die sortering van aansoeke sowel as daaropvolgende kennisgewings en mededelings.

Die JAP is maklik om te gebruik en aansoekers kan moeiteloos daartoe toegang verkry.

Hoe om aansoek te doen

- Gaan na www.overstrand.gov.za
- Gaan na Vacancies
- Klik op die skakel vir aanlyn aansoeke en die JAP sal oopmaak
- Doen die volgende:
  - √ Registreer (eenmalig)
  - √ Skep 'n profiel
  - √ Laai die nodige dokumentasie wat verlang word om vir 'n pos aansoek te doen
  - √ Doen aansoek vir 'n pos – beskikbare poste sal gewys word
  - √ Bekyk pos/poste waarvoor aansoek gedoen is.

Aansoekers wat nie toegang het tot 'n rekenaar, selfoon, tablet of die internet nie, kan plaaslike ekonomiese ontwikkeling se kantore besoek wat in die voormalige Lusitania-gebou in Hermanus se Nuwe Hawe gehuisves word. So nie, besoek 'n biblioteek by enige van die onderstaande plekke en maak gebruik van hulle fasiliteite:

Biblioteke regdeur Overstrand

Area	Tel / Adres
Hermanus	028 313 8077 (Magnoliastraat)
Kleinmond	028 271 4021 (5de Laan 44)
Gansbaai	028 384 8346 (h.v. Hoof- en Kapokblokstraat)
Hawston	028 315 1126 (langs Thusongsaal in Kerkstraat)
Stanford	028 341 8506 (Queen Victoriastraat 17)
Mount Pleasant	028 313 8984 (Heidestraat)
Bettysbaai	028 272 9263 (Clarence-rylaan 2649)
Eluxolweni	028 384 8346 (Holomisastraat 8)
Buffeljachtsbaai	028 384 8346 (langs Gemeenskapsaal)

Woonagtig in Overstrand?

ONTDEK NUWE WÊRELDE: SLUIT BY JOU PLAASLIKE BIBLIOTEEK AAN DIS GRATIS!



Om by jou plaaslike biblioteek aan te sluit is maklik en kos niks nie: Al wat jy hoef te doen is om 'n geldige identiteitsdokument tesame met bewys van jou woonadres (soos 'n elektrisiteit/water- of munisipale rekening) te toon en 'n aansoekvorm in te vul.

As jy nog nie 17 is nie, sal jou ouer of voog jou aansoekvorm ook moet onderteken en sal jy beide jou ID en dié van jou ouer/voog byderhand moet hê wanneer jy aansoek doen.

In gevalle waar jy 'n eiendom huur, word 'n afskrif van die eerste bladsy van jou huurooreenkoms verlang. Indien jy by iemand anders inwoon, moet daardie persoon 'n brief aan jou verskaf waarin hy/sy bevestig dat dit wel die geval is.

Onthou, biblioteekmateriaal kan slegs uitgeneem of hernieu word wanneer jy jou biblioteekkaart toon. As jy nie dié kaart kan toon nie, sal die bibliotekarisse nie biblioteekmateriaal kan uitleen of hernieu nie. (Jy hoef egter nie die kaart te toon wanneer jy biblioteekmateriaal terughandig nie.)

Die aansoekvorm om by jou plaaslike biblioteek aan te sluit, kan afgelaai word deur www.overstrand.gov.za te besoek. Klik op "About us" en dan op "Libraries".